# VAN NAZARETH TOT MIDDELBURG: BEELD VAN DIE GESKIEDENIS VAN 'N DORP

*G.N. Claassen*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

Op Middelburg, die Oos-Transvaalse dorp geleë aan die Klein-Olifantsrivier, is die hede en verlede met mekaar verstrengel; die dorp waar president Paul Kruger dikwels oornag het op pad na die Laeveld, is 'n goeie voorbeeld van die leefwyse op die platteland tydens die tydperk van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

## ONTWIKKELING

Oor 'n tydperk van meer as 'n eeu het Middelburg sluimerend gegroei, maar die rustigheid van die ou Nazareth het vandag heeltemal verdwyn. Die afgelope vyftien jaar het 'n verbasende ontwikkelingsontploffing op die dorp plaasgevind en het die bevolking meer as verdubbel: in 1961 was die bevolking ongeveer 10 000, maar in 1975 is dit op 27 000 inwoners beraam.

Maar die koms van vernuwing het op Middelburg nie die oue en gevestigde van die toneel laat verdwyn nie; heelwat spore van die vorige eeu het in dié nywerheidstad van die toekoms behoue gebly.

Die gebied waarin die dorp geleë is, het oorspronklik deel uitgemaak van die Republiek van Lydenburg wat in Januarie 1857 van die ander dele van die Zuid-Afrikaansche Republiek afgeskei het. Waar die dorp sy naam gekry het, is onseker. Volgens oorlewering het ds. J.H. Neethling van Stellenbosch in die vyftigerjare van die vorige eeu die Transvaalse gemeentes besoek en aan die hand gedoen dat op die plek waar Middelburg tans geleë is, 'n dorp met die naam Middelburg gestig word omdat dit ongeveer halfpad tussen Pretoria en Lydenburg is.[1] Die Volksraad van die Republiek van Lydenburg het op 29 Maart 1860 bepaal dat die naam van die toekomstige distrik Middelburg moes wees.[2] Op 4 April 1860 is die Republiek van Lydenburg weer by die Zuid-Afrikaansche Republiek ingelyf.

Dit is ironies dat die Volksraad van Lydenburg met die aanlê van Middelburg bekommerd was oor die hoeveelheid brandhout wat die dorp nodig sou hê. Die Volksraad het toe ook besluit dat alle plase langs die Klein-Olifantsrivier geïnspekteer moes word en dat die hout wat daar gevind word, vir die toekomstige inwoners van die dorp versamel moes word.[3] Vandag is die dorp geleë in die ryk steenkoolgebied van Oos-Transvaal — 'n feit waarvan die Lydenburgse Volksraad geen kennis gedra het nie.

Die dorp het in 1864 uiteindelik tot stand gekom toe die Ned. Geref. Kerk van Lydenburg op 28 Januarie die plaas Sterkfontein van Lodewyk de Jager vir die som van £22-10-0 gekoop het. Die koopprys het ook twee watererwe vir De Jager ingesluit. Die doel was om 'n kerkdorp daar aan te lê.[4] In 1866 ontvang die landmeter, Theodore Rooth, opdrag om die nuwe dorp uit te meet.[5] Rooth was die eerste inwoner van die dorp en het in 1865 die eerste huis daar gebou.[6] Roothplein in die middel van die dorp is na hom vernoem.

## ROL VAN DIE KERK

Op aanbeveling van ds. Frans Lion Cachet, predikant van Utrecht en konsulent van die gemeente van Lydenburg, is die naam Middelburg toe weer verander na Nazareth. In Februarie 1866 hou hy 'n diens op Blaauwkop aan die Vaalrivier en op aandrang van sy lidmate besluit hy "dat Nazareth een goede naam zijn zou; want onze kerk zou voortkomen als een wortel uit een dorre aarde".[7] Op 9 Maart 1867 is die eerste kerkraadsvergadering van die nuwe Nederduitse Gereformeerde gemeente in die huis van ouderling N.P. Prinsloo op Elandspruit gehou. Die voorsitter was ds. Cachet[8] en op 12 Maart 1867 is Suzanna Eliza Rooth as die eerste kind in die nuwe gemeente gedoop deur ds. Cachet.[9]

Die sestigerjare van die negentiende eeu was 'n tydperk van groot tekort aan predikante en ds. Cachet kon nie meer as een naweek elke ses maande aan die gemeente van Nazareth afstaan nie. In die tydperk tussen Oktober 1866 en Maart 1871 het hy slegs veertien keer by Nazareth en omgewing dienste gehou. Die rede hiervoor was dat hy die Vaalrivierwyk (die huidige Ermelo) en die Komatiwyk (nou Carolina) ook moes bedien.[10]

Nazareth is nie skielik ná sy stigting deur voornemende inwoners oorstroom nie. Op 13 Mei 1867 ry eerwaarde Alexander Merensky van die Berlynse Sendinggenootskap saam met direkteur Wangemann vanaf Botshabelo na Nazareth. Botshabelo was die sendingstasie ongeveer 13 kilometer noord van die dorp. Wangemann se beskrywing van die dorp het die verlatenheid beklemtoon: "Ek het een enkele hut gesien, en ietwat later net die een huis waarin die agent van die voorgestelde dorp gewoon het. Dit was al; daarby 'n watersloot en nouliks 'n aanduiding hoe die erwe verdeel was. Oor miskien nog vyf jaar sal daar 'n aansienlike dorp staan".[11] Teen 1874 was daar net sewe huise.[12]

Wangemann beskryf Middelburg tydens 'n tweede besoek in Januarie 1885 as "die nuwe stad wat vandat dit tot distrikshoofstad en setel van die landdrosamp verhef is, sigbaar gebloei het en reeds 'n groot aantal mooi huise en tuine het".[13]

1. F.A. GRUNDLINGH, *Geskiedenis van Middelburg, Transvaal* (Middelburg, Tvl., 1952), p. 5.
2. F.G.M. DU TOIT, *Ned. geref. gemeente Middelburg, Transvaal* (Pretoria, 1967), p. 9.
3. GRUNDLINGH, *op. cit.*, p. 6.
4. DU TOIT, *op. cit.*, p. 10.
5. *Ibid.*
6. GRUNDLINGH, *op. cit.*, p. 11.
7. DU TOIT, *op. cit.*, p. 9.
8. Ned. Herv. of Geref. Kerk, Middelburg, Transvaal, Kerkraadsnotule, 9 Maart 1867.
9. Ned. Herv. of Geref. Kerk, Middelburg, Transvaal.
10. DU TOIT, *op. cit.*, p. 12.
11. H.T. WANGEMANN, *Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika* (Berlyn, 1868), p. 397.
12. GRUNDLINGH, *op. cit.*, p. 11.
13. H.T. WANGEMANN, *Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika* (Berlyn, 1886), p. 218.



*Kerkgebou van die Nederduitse Gereformeerde Moedergemeente, Middelburg.*

FOTO: G.N. CLAASSEN

## LANDDROS EN VERANDERING VAN NAAM

In Augustus 1872 skryf N.J.R. Swart, die goewermentsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek, aan A.B. Joubert dat die Uitvoerende Raad besluit het "aan de orde memorie van ingesetenen van het District Nazareth, d.d. Juny 1872, hunne goedkeuring hechtende aan de aanstelling van den heer A.B. Joubert als landdrost van het District Nazareth".[14]

Op 27 Junie 1873 dien Joubert en 34 ander ondertekenaars, asook H.T. Bührmann en 23 ander ondertekenaars twee memories by die Uitvoerende Raad in. Hulle versoek dat Nazareth se naam verander word na Middelburg. Die Uitvoerende Raad besluit om die saak aan die Volksraad voor te lê en danksy die ywer van Izak Holtzhausen, eerste volksraadslid van die dorp, word op 23 Oktober 1874 aan die versoek voldoen.[15]

Die anneksasie van Transvaal op 12 April 1877 deur sir Theophilus Shepstone het sommige inwoners van die dorp ontstoke gemaak en op 'n spesiale kerkraadsvergadering waarby die gemeentelede ook betrek is, is op 5 Oktober 1878 besluit "dat de troepen in de kerk niet zullen worden toegelaten".[16] Vier dae later het die kerkraad besluit "dat van nu voortaan niet meer in de Engelsche taal gepreekt word in deze kerk".[17]

## OPRIGTING VAN DIE NED. GEREF. MOEDERKERK

Die hoeksteen van die ou Witkerk wat vandag een van die besienswaardighede van die dorp is, is op 2 April 1887 deur ds. A.P. Burger, veertig jaar lank predikant in die gemeente, gelê.[18] Ds. Burger het as veldprediker vir die Boeremagte tydens die Tweede Vryheidsoorlog opgetree en is later gevang en as krygsgevangene na Indië gestuur.

Die kerk, wat op 18 Januarie 1890 ingewy is en £11 500 gekos het,[19] is volgens die Kaaps-Gotiese boustyl gebou. Die argitek was C.O. Hager van Stellenbosch, terwyl die horlosie, klokke, lampe en die orrel deur eerwaarde T.C. Nauhaus, sendeling van Botshabelo, uit Duitsland bestel is. Die preekstoel is deur die Kaapstadse houtsneewerker Erxleben[20] gemaak en is op die lees geskoei van die ou Moederkerk op Stellenbosch.

'n Interessante deel van die geskiedenis van die Witkerk is die wyse waarop die banke in die eerste jare van die kerk se bestaan uitgeloot is aan gemeentelede. Nie al die sitplekke is verhuur nie en enige gemeentelid kon in die banke onder die drie galerye sit. Die ander plekke is op 7 April 1890 net ná die Nagmaalsdiens by die drie deure uitgeloot. Daar was twee klasse sitplekke:

14. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, Landdros Middelburg, Transvaal, 6 Augustus 1872.
15. GRUNDLINGH, *op. cit.*, p. 11.
16. Ned. Herv. of Geref. Kerk, Middelburg, Transvaal, Kerkraadsnotule, 5 Oktober 1878.
17. Ned. Herv. of Geref. Kerk, Middelburg, Transvaal, Kerkraadsnotule, 9 Oktober 1878.
18. GRUNDLINGH, *op. cit.*, p. 23.
19. DU TOIT, *op. cit.*, p. 27.
20. GRUNDLINGH, *op. cit.*, p. 23.



*Die imposante preekstoel van die Nederduitse Gereformeerde Moedergemeente op Middelburg.*

FOTO: G.N. CLAASSEN

die eerste klas het vyf sjielings per jaar gekos en die tweede klas drie sjielings. Die koster sou die administrasie van die sitplekke behartig teen 'n kommissie van tien persent.[21]

## KOERANTWESE

Die geskiedenis van Middelburg is nie volledig sonder om die rol wat die koerantwese in die dorp sedert sy stigting gespeel het, te skilder nie. In die jare wat die Tweede Vryheidsoorlog direk voorafgegaan het, het die *Middelburg Courant* verskyn en een van die koerant se werkers in 1897 was Arthur Griffiths wat in 1922 die eerste president van die Ierse Vrystaat sou word.[22] In 1903 het die *Middelburg Herald* vir 'n kort tydjie verskyn, maar dit is in Augustus 1904 vervang deur die huidige *Middelburg Observer.*[23] Dié koerant is vandag een van die oudste plattelandse koerante in die land en is jaarliks verantwoordelik vir die toekenning van die Frewinprys vir die beste dagblad met 'n sirkulasie van meer as 50 000 in die land.

## TWEEDE VRYHEIDSOORLOG

Die Tweede Vryheidsoorlog het die lewe op Middelburg ernstig ontwrig. Ongeveer 1 000 Middelburgers en inwoners van die distrik het op 7 Oktober 1899 — vier dae voor die uitbreek van die Oorlog — by die Hoëveldse Kommando by Sandspruit naby Volksrust aangesluit.[24]

Teen die einde van Julie 1900 is Middelburg deur die Britse magte beset en kort daarna is 'n nuwe konsentrasiekamp op die dorp aangelê. Hier is later 'n gedenkkerkie opgerig ter gedagtenis van die 1 381 vroue en kinders wat in die kamp gesterf het. In die twee konsentrasiekampkerkhowe en die munisipale kerkhof lê meer as 'n duisend van dié gestorwenes begrawe.

Ds. A.J.V. Burger se vrou vertel dat die vroue die konsentrasiekampe "rampkampe" genoem het. Middelburg moes ontruim word vir die Britte. "Niemand het vrywillig gegaan nie, maar is teen wil en dank gedwing om te gaan, want veral op die dorpe wou die militêre die wonings in besit neem vir die gebruik van hulle offisiere en verpleegsters."[25]

Hoewel Middelburg aan die einde van 1902 nog 'n "small, sleepy village"[26] was, het die Oorlog sy littekens agtergelaat. "Die spore van die oorlog was diep ingetrap en nog duidelik sigbaar in en om ons dorp. Net buitekant aan die noordekant was nog baie hawelose vrouens en kinders wat moes agterbly in die kamp... Oorkant die rivier in die kamp was daar vyftig wesies wat die grusame gevolge van die kamplewe ontkom het."[27]

Die Ned. Geref. Kerk van Middelburg het 'n huis in die middel van die dorp, reg teenoor die markplein, aangekoop.[28] Op 5 Desember 1902 is 'n weeshuis daar ingerig wat met 45 wesies begin het.[29] Die uitbreiding van die weeshuis was so vinnig dat 'n groter weeshuis in 1904 betrek is — die Excelda-Weeshuis. In 1908 is die laaste 25 kinders na die Abraham Kriel-kinderhuis oorgeplaas. Die gebou van die Excelda-Weeshuis bestaan egter vandag nog.

Ná die Oorlog het ds. Burger probleme gehad om die kerkgebou vir sy gemeente se aktiwiteite beskikbaar te kry. "Baie ander kerke was verbrand of op 'n ander wyse vernietig, maar die vyand het ons kerkgebou nodig gehad vir hulle eie godsdiensoefeninge, omdat hulle op Middelburg 'n groot militêre kamp met 30 000 soldate opgerig het."[30]

Die eerste vredesonderhandelings is op 28 Februarie 1901 in 'n huis in Kerkstraat gevoer. Die samesprekings het plaasgevind tussen lord Kitchener en lord Milner aan die een kant, en generaal Louis Botha aan die ander kant. Ongelukkig kon die partye nie tot 'n vergelyk kom nie en die Oorlog het voortgeduur.[31] Die huis waarin die samesprekings plaasgevind het, is onlangs gesloop.

Met die vertrek van die afdeling Britse soldate uit Middelburg in 1909, het die handel 'n kwaai terugslag beleef en die dorp het gekwyn.[32]

## BEGRAAFPLAAS VAN BEKENDES

In die ou munisipale begraafplaas wes van die dorp lê verskeie mense begrawe wat op verskillende terreine bekendheid verwerf het. Die bekendste hiervan is seker die Voortrekker-ontdekkingsreisiger, Carolus Trichard (1811-1901), seun van Louis Trichard. Die jonger Trichard het sy laaste jare op Middelburg gewoon waar hy en sy vrou oorlede is. Die huis waarin hulle gewoon het, staan vandag nog regoor die ou Markplein. Van die afstammelinge van die Trichards woon nog steeds op die dorp.

Twee ander bekendes wat in die begraafplaas 'n laaste rusplek gevind het, is kaptein Jack Hindon (1874-1919) en kaptein Henri Slegtkamp wat tydens die slag by Spioenkop in die Tweede Vryheidsoorlog die Britse

21. DU TOIT, *op. cit.*, pp. 27-28.
22. GRUNDLINGH, *op. cit.*, p. 28.
23. *Ibid.*
24. A.J.V. BURGER, *Worsteljare...* (Kaapstad, 1936), p. 7.
25. *Ibid.*, p. 255.
26. OSBORNE, *In the land of the Boers* (Londen, 1900), p. 187.
27. BURGER, *op. cit.*, p. 198.
28. *Ibid.*, p. 200.
29. *Ibid.*, p. 201.
30. *Ibid.*, p. 204.
31. *Ibid.*, pp. 86-87.
32. GRUNDLINGH, *op. cit.*, p. 13.



*Hierdie gebou op Middelburg is na 1902 deur Jack Hindon as losieshuis opgerig.*

FOTO: G.N. CLAASSEN



*Carolus Johannes Trichard en sy vrou is albei in 1901 op Middelburg oorlede en begrawe.*

FOTO: G.N. CLAASSEN

magte van generaal Redvers Buller ure besig gehou het.[33] Hindon was ná die Oorlog 'n bouer op die dorp en die ou Hindon-losieshuis (vandag bekend as Blake-huis) staan vandag nog skuins oorkant die Witkerk. Slegtkamp is in 1951 op Middelburg oorlede.


In die begraafplaas is ook die graf van Andries François du Toit wat die sentrale gedeelte van Pretoria tussen 1857 en 1859 uitgemeet het. Die stadsraad van Pretoria het later 'n gedenksteen op die graf opgerig. Du Toit was ook die tweede landdros van Pretoria.[34] Die Afrikaanse digter, H.H. Joubert, lê ook op Middelburg begrawe.

Net noord van die dorp is daar ook 'n groot begraafplaas vir Britse soldate wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog omgekom het.

## ONDERWYS IN MIDDELBURG

Die eerste onderwyser van Nazareth was Jacob Beker wat op 5 Oktober 1867 deur 'n vergadering van ouers as godsdiensonderwyser aangestel is. Op 2 Junie 1872 is ene Fischer aanbeveel as onderwyser. Die grasdakkerkie van die Nederduitse Gereformeerde gemeente wat in 1869 gebou is, is as skool gebruik. In November 1876 is H. van der Linden as hoofonderwyser teen 'n salaris van £150 (R300) per jaar aangestel. Daar was toe net negentien leerlinge, maar in Mei 1877 het die getal

33. J.H. BREYTENBACH, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, III: Die stryd in Natal* (Pretoria, 1973), p. 142.
34. G.S. PRELLER, *Ou-Pretoria* (Pretoria, 1938), p. 59.



*Gedenksteen op A.F. du Toit se graf in die begraafplaas van Middelburg.*
FOTO: G.N. CLAASSEN

*Die Berlynse Sendingkerk wat in 1865 deur Alexander Merensky en sy werkers op Botshabelo naby Middelburg gebou is.*
FOTO: G.N. CLAASSEN



aangegroei tot 44. Die kinders het toe in die Hervormde Kerkgebou in Markstraat skoolgegaan.[35]

Op 16 Julie 1894 is die nuwe Ebenhaezer-kerkskool ingewy wat later ná die Oorlog 'n C.N.O.-skool geword het. In 1904 is die Middelburg Free School (tans die Afrikaansmedium Laerskool) voltooi. In 1880 het 'n ander Engelse skool, die Christchurch Aided School, tot stand gekom, maar dit is kort daarna weer gesluit.[36]

## BOTSHABELO

Die tekens van die negentiende eeu is nie net in die dorp te bespeur nie. Ongeveer dertien kilometer noord van Middelburg is die ou Berlynse sendingstasie, Botshabelo, geleë. Dit is in 1865 deur Alexander Merensky gestig. 'n Fort en kerkie is opgerig en die fort moes die sendingstasie beskerm teen die leër van Sekhunhune, 'n Pedi-hoofman, wat die sendelinge uit sy land verdryf het.[37] Die fort, bekend as Fort Merensky, is in 1963 tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar, terwyl die hele Botshabelo aan die Middelburgse stadsraad behoort en tans volledig gerestoureer word.

* * *

Die afgelope tien jaar het Middelburg egter sy plattelandse skoene begin ontgroei want die groot-

35. GRUNDLINGH, *op. cit.*, p. 29.
36. *Ibid.*
37. J.S. BERGH, *Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en omgewing, 1866-1881* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1973), p. 10.



*Kerkstraat, Middelburg. Die meeste geboue in dié ou deel van die dorp dateer uit die periode van die Z.A.R.*

FOTO: G.N. CLAASSEN

skaalse ontwikkeling wat tans oral op die Oos-Transvaalse Hoëveld aan die gang is, het dié dorp nie verbygegaan nie. Gevolglik het die gees van materialisme en vooruitgang-ten-koste-van-die-verlede ook sy merk op die dorp gelaat. Die pragtige Ebenhaezer-kerkskool, 'n pragtige voorbeeld van die Victoriaanse boustyl van die negentiende eeu, moes plek maak vir moderne geboue. Die ou Gereformeerde Kerkgebou wat in 1891 opgerig is, die ou Engelse Kerkie wat in 1887 gebou is, asook die huis waar Kitchener, Milner en Botha samesprekings gevoer het, het slagoffers geword van die gees van vooruitgang wat tans 'n bedreiging inhou vir al die ou geboue in Kerkstraat. Selfs die Witkerk is vyftien jaar gelede byna gesloop, maar gelukkig het 'n restourasieveldtog dit gered. Sal die kinders van Middelburg ook eendag hulle voorvaders woorde van verwyt moet toeslinger oor geboue wat moes swig?:

*"Proud ou gebou*
*pathetic pêllie...*
*Hoor djy die pêrepote vannie bulldozer?...*
*Ek sil djou mis...*
*Nou sak djou kop*
*Nou briek djou hart*
*Kô lat ons hyl dan ma nie te hard nie*
*oor mense wat mal is, pêllie,*
*soes djy val...*
*dja, mál, pêllie."*[38]

38. A. SMALL en C. JANSEN, *Oos wes tuis bes, Distrik Ses* (Kaapstad, 1973), ongenommerde bladsy.